Bib

90/85

LL

Saak Nr. 78/1984

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die appèl van:

PIETER REDELINGHUYS FOURIE — Appellant

teen

JOHANNA ELIZABETH STRYDOM — Respondent

CORAM: KOTZé, TRENGOVE, BOTHA, VAN HEERDEN et BOSHOFF, ARR

VERHOORDATUM: 26 AUGUSTUS 1985

LEWERINGSDATUM: 10 SEPTEMBER 1985

---

UITSPRAAK

---

/VAN HEERDEN, AR ...

VAN HEERDEN, AR:

In 1877 was 'n hele aantal persone die eienaars in onverdeelde aandele van die plaas, Welbedagt, in die afdeling Oudtshoorn. Die plaas was oewergrond aan twee openbare strome, die Olifantsrivier wat van oos na wes en die Wynandsrivier wat van noord na suid vloei en by eersgenoemde rivier aansluit. Destyds het die eienaars water vir hul boerdery verkry uit drie hoofslote. Met die eerste twee slote is water uit die Wynandsrivier en met die derde sloot water uit die Olifantsrivier oor die plaas gelei.

In die genoemde jaar het die onderskeie eienaars 'n landmeter, Melvill, aangewys om die plaas onder hulle te verdeel en waterbeurte uit die drie slote aan hulle toe te ken. In 1879 het Melvill 'n skriftelike "Award" (hierna die toekenning genoem) gemaak en in 1880 is dit deur 'n bevel van die Kaapse Hooggeregshof bekragtig. Melvill het die plaas in 26 persele, gemerk A tot

Z, verdeel. Hul ligging word aangetoon op 'n kaart wat deel van die skriftelike toekenning gevorm het. Die persele was langwerpige stukke grond wat in hul lengte noord-suid gelê het en alfabeties van oos na wes gemerk is. A was dus die mees oostelike perseel (en die naaste aan die Wynandsrivier) en Z die verste wes. Drie van die persele het egter nie oor die hele lengte van die plaas van noord na suid gestrek nie. Die suidelike gedeelte van A was heelwat breër as die noordelike gedeelte daarvan en B en C se suidelike grenslyne was tegelykertyd 'n gedeelte van die grenslyn van A waar dié perseel verbreed het. D was weer suid van C en wes van A geleë.

Die eerste twee slote het min of meer parallel van oos na wes geloop. Volgens die kaart het albei oor A, B, C, E, F, G, H en I geloop en op J geëindig. Die tweede sloot was suid van die eerste sloot geleë. Nog verder suid was die derde sloot wat naastenby parallel met die ander twee slote (en die Olifantsrivier) van oos

/na ...

na wes oor A, E, F, G en H geloop het. Vanaf I oor J en K tot op L het die derde sloot met kronkels in 'n noordwestelike rigting geswaai en vanaf L se westelike grens het dit weswaarts oor M, N, O, P, Q, R, S, T, U, V, W, X en Y tot op Z gevloei. Op 'n stadium voor 1908, en waarskynlik reeds in 1888, is die loop van dié sloot egter verlê en het dit toe heelwat noord van sy ou loop oor o a I, J, K en L gegaan. Gerieflikheidshalwe verwys ek voortaan na die verlegde sloot as die Welbedagtsloot.

Melvill het ook waterbeurte uit die drie hoofslote aan die eienaars van die persele toegeken. By dié toewysing het hy egter nie spesifieke persele vermeld nie maar wel die name van persone aan wie die persele toegeken is. Omdat in sekere gevalle meer as een perseel aan een eienaar toegeken is, kan nie met die eerste oogopslag bepaal word aan welke persele die verskillende beurte toegewys is nie. Teenstrydige ver-

/tolkings ...

tolkings in hierdie verband het dan ook tot die litigasie tussen die partye aanleiding gegee.

Die appellant is die eienaar van o a perseel J en die respondente die eienares van 3 van die 5 onverdeelde aandele in perseel L (tans bekend as gedeelte 23 van Welbedagt). Die appellant, as tweede applikant, en ene Potgieter, as eerste applikant, het in die Kaapse Waterhof 'n aansoek teen o a die respondente (as eerste respondent) aanhangig gemaak. Onder meer is twee verklarende bevele aangevra, nl, 1) dat die siklus van beurte uit die Welbedagtsloot $31^1/_2$ dae is, en 2) dat perseel L vanweë Melvill se toekenning op 'n beurt van slegs 18 uur in elke siklus geregtig is. Die aansoek is slegs deur die respondente bestry. In haar verweerskrif het sy beweer dat die siklus 30 dae is en dat perseel L uit hoofde van die toekenning op twee beurte van 24 en 18 uur per siklus aanspraak het. By die aanvang van die verhoor het sy egter erken dat Melvill se siklus

/van ...

van 30 dae by wyse van ŉ notariële ooreenkoms in 1888 na $31^1/_2$ dae verleng is. Die eerste applikant se belang in die litigasie het nie verder as die verkryging van die eerste verklarende bevel (en ŉ kostebevel) gestrek nie en die appellant en die respondente was dus die enigste partye wat effektief by die voortsetting van die verhoor betrokke was. Dit het dan ook slegs op die beurte van J en L betrekking gehad. (Hier dien gemeld te word dat die belanghebbendes ten opsigte van die oorblywende twee onverdeelde aandele in L beëdigde verklarings ingedien het waarvolgens hulle hul berus het by die beslissing wat die Waterhof sou bereik.)

Die hof a quo het op grond van ŉ vertolking van die toekenning bevind dat twee beurte per siklus uit die derde sloot aan L toegewys is en geen beurt aan J nie. Vanweë dié bevinding en die genoemde erkenning van die respondente is die eerste aangevraagde bevel verleen maar is voorts verklaar:

/"(b) ...

"(b) Dat die eienaar(s) van Gedeelte 23 (voorheen Lot L) van Welbedagt geregtig was op twee beurte van 24 en 18 uur in elke siklus van $31^1/_2$ dae uit die Welbedagt-sloot volgens die bepalings van die Toekenning van 1879 soos gewysig deur die Notariële Ooreenkoms van 1888."

Die verhoorhof het ook ander bevele verleen. Dit is onnodig om dié in besonderhede uiteen te sit. Al wat gemeld hoef te word, is dat alle koste van die verhoor na die eerste dag daarvan aan die respondente toegeken is en dat dit die koste van twee advokate ingesluit het.

Die onderhawige appèl is gerig teen die aangehaalde verklarende bevel en die kostebevele. Die enigste geskilpunt is dan ook of J en L elk 'n beurt, dan wel L twee beurte en J geen beurt nie, uit die derde sloot verkry het. Die rede vir die geskil is dat ene Mulder volgens die toekenning persele J en L verkry het en dat aan hom by name twee beurte uit bedoelde sloot

/toegesê ...

toegesê is.

Hoewel, soos reeds gesê, beurte aan eienaars en nie aan grondstukke nie toegewys is, skep die toekenning van beurte uit die eerste sloot geen probleme nie. Indien gelet word op die persele verkry deur die eienaars aan wie beurte toegesê is, was die toewysing van die beurte in volgorde: A 60 uur, B 36 uur, C 36 uur, F 24 uur en H 36 uur. Die tweede beurt is toegewys aan ene Grundlingh wat persele B en D verkry het maar dit is gemene saak dat vanweë D se ligging dit nie moontlik was om water uit enige van die slote daarop te benut nie. Die betrokke beurt was dus klaarblyklik vir B bestem.

Met 'n enkele uitsondering kan die toewysing van beurte uit die tweede sloot ook geredelik op persele van toepassing gemaak word. In volgorde is die beurte so toegewys: A 120 uur, E of G of albei 41 uur, H 133 uur, I 50 uur, J 130 uur, K 24 uur, L 130 uur, M 44 uur en N 48 uur. Al wat in hierdie verband twyfel skep, is

/dat ...

dat E en G nie beurte uit die eerste of derde sloot verkry het nie en dat daar geen rede blyk waarom aan òf die een òf die ander hoegenaamd geen beurt toegewys sou gewees het nie. Mulder het egter beide persele verkry en aangesien nie aan F ŉ beurt uit die tweede sloot toegewys is nie, is dit verstaanbaar dat Melvill aan hom ŉ enkele beurt van 41 uur vir E en G toegeken het instede van ŉ beurt van, sê, 21 uur aan Mulder onmiddellik gevolg deur ŉ verdere beurt van, sê, 20 uur aan hom. Die toewysing van 41 uur aan Mulder was dus bestem vir E en vir G wat net na E (sonder tussenkoms van F) water uit die tweede sloot sou kon benut.

In die verbygaan moet miskien genoem word dat die respondente gedurende kruisverhoor gesuggereer het dat L nie ŉ beurt uit die tweede sloot verkry het nie en dat die derde laaste beurt uit daardie sloot aan E of G toegewys is. Haar advokaat het egter tereg toegegee dat Melvill die betrokke beurt wel aan L toegeken het.

/Wat ...

Wat die derde sloot betref, is dit gemene saak dat na die eerste drie beurte die toekennings soos volg was: M 16 uur, N 16 uur, O 65 uur, P 32 uur, Q 32 uur, R 46 uur, S 36 uur, T 15 uur, U 92 uur, V 40 uur, W 50 uur, X 120 uur, Y 60 uur en Z 43 uur. Die eerste drie beurte is so toegesê: Mulder 24 uur, ene Elliot 15 uur en Mulder 18 uur. Elliot het perseel K verkry en Mulder persele J en L. Aangesien die toewysing van beurte vanaf M tot Z in alfabetiese volgorde was, is dit voor die hand liggend, indien slegs op Melvill se toekenning en die kaart gelet word, dat die eerste drie beurte op J, K en L (in daardie volgorde) betrekking gehad het.

Hierdie konstruksie word deur ander oorwegings versterk. Wat al drie slote betref, is die beurte "in the proportion and order following" toegewys. Die beurte het mekaar dan ook van oos na wes, oftewel van die laagste na die hoogste alfabetiese letter, opgevolg.

/'n ...

'n Toekenning uit die derde sloot aan L, K en dan weer aan L pas net nie by hierdie patroon in nie. Voorts sou 'n mens verwag dat indien Melvill vir Mulder altesaam 42 uur vir L wou toewys, hy slegs een toekenning uit die derde sloot aan Mulder sou gemaak het. Voor die toekenning aan M sou daar dan slegs die volgende twee beurte gewees het: Elliot 15 uur en Mulder 42 uur.

Die hof a quo het aanvaar dat die patroon van die toewysing van die beurte daarop dui dat die eerste beurt (van 24 uur) uit die derde sloot aan Mulder as eienaar van J toegekom het. Op grond van 'n aantal oorwegings is egter besluit dat die beurt inderdaad vir L bestem was. In eerste instansie is gesteun op 'n waarneming wat die hof tydens 'n inspeksie ter plaatse gemaak het, nl, dat die algemene val van die grond op J sulks is dat vloedbesproeiing nie noord van die ou loop van die derde sloot kan plaasvind nie. Hierdie waarneming is in verband gebring met die geskatte groottes van

/gedeeltes ...

gedeeltes van sekere persele wat ten tyde van die verhoor besproei is. Die appellant het naamlik geskat dat op J slegs 11 morge ten suide van die ou loop van die derde sloot onder besproeiing was. Hy het voorts beraam dat die besproeide gedeeltes van K tot O tussen die Olifantsrivier en 'n sementpad wat net noord van die eerste sloot oor Welbedagt loop, soos volg is: K 15 morg, L 55 morg, M 16 morg, N 16 morg en O 82 morg. Omdat aan K, M, N en O onderskeidelik beurte van 15, 16, 16 en 65 uur uit die derde sloot toegeken is, het die hof die gevolgtrekking gemaak dat die basis van die toekennings ongeveer een morg per uur was, en soos volg voortgegaan:

> "Volgens Applikant [die appellant] sou Lot J 24 uur water vir 'n moontlike 11 morg gekry het en Lot L slegs 18 uur vir 55 morg. Sodanige toekenning lyk dus nie net onsinnig nie, maar ook teenstrydig met die res van die patroon. Dit is heeltemal moontlik dat daar geen besproeiing op Lot J in 1879 tussen sloot No. 3 en die rivier was nie in welke geval geen toekenning aan Lot J geensins opvallend sou wees nie. ..."

Die hof het daarop gewys dat 'n mens nie weet

/hoeveel ...

hoeveel van die 55 morg op L in 1879 besproei was nie, maar weens die ligging van die derde sloot op L en in die lig van die feit dat die respondente se pa en ooms "kort na 1879" apart op L geboer en die gedeelte suid van die sloot bewerk het, was die hof van mening dat die bewerkte grond heelwat meer as 11 morg was. Derhalwe is gekonkludeer:

> "Dit blyk dus dat Applikant se standpunt onsinnig is, nl. 24 uur vir hoogstens 11 morg [op J] en 18 uur vir heelwat groter gronde [op L] terwyl Respondent se standpunt volmaak inpas by die algemene patroon."

Die appellant se advokaat het die genoemde waarneming van die verhoorhof aangeveg omdat dit nie genotuleer is nie. Volgens die uitspraak is die partye se aandag tydens die inspeksie gevestig op dié waarneming en is hulle meegedeel dat indien so gewens hulle getuienis oor die val van die grond kon lei. Dit blyk egter dat die respondente se advokaat aan die einde van die verhoor die hof versoek het om te notuleer dat dit nie

/moontlik

moontlik is om op J noord van die ou loop van die derde sloot daaruit te besproei nie, en dat namens die appellant beswaar daarteen gemaak is. Die grondslag van die beswaar was dat 'n visuele waarneming van geen nut is nie tensy die ou loop vasgestel is, en dat deskundige getuienis nodig is om dié loop op die oppervlakte te bepaal. Afgesien van die feit dat die hof nêrens aandui nie hoe dit bepaal het waar die derde sloot minstens 76 jaar vantevore oor J geloop het, is dit so dat, anders as wat behoort te gebeur het, die waarneming nie genotuleer is voordat uitspraak gegee is nie. Vgl Kruger v Ludick 1947 (3) S A 23 (A) 31; R v Barnardo 1960 (3) S A 552 (A) 554. Gesien die slotsom waartoe ek gekom het, vind ek dit egter onnodig om verder op dié aspek in te gaan en veronderstel ek ten gunste van die respondente dat gevolg aan die hof se waarneming gegee moet word.

Na my mening is daar verskeie redes waarom die verhoorhof se gevolgtrekking betreffende die partoon van

/die ...

die toekennings nie aanvaar kan word nie. Hulle kan soos volg saamgevat word.

1) 'n Landmeter, Maree, getuig dat die val van die grond in die omgewing van J vanaf die sementpad na die Olifantsrivier slegs ongeveer 5 meter is. Volgens hom is dit nie moontlik om te sê hoe die topografie in 1879 was nie. Uit die getuienis blyk voorts dat daar in die verlede minstens twee oorstromings was toe die een of die ander rivier of beide in vloed afgekom het. Die appellant maak melding van 'n "hoogwater" in 1931 wat feitlik oor die hele Welbedagt gevloei het, en dit is gemene saak dat die tweede sloot reeds heelwat vroeër weggespoel het. Dit is dan ook duidelik dat dit juis met die oog op moontlike oorstromings, en ook die "sleep" van grond deur die eienaars van die persele, was dat Maree dit onmoontlik gevind het om 'n mening oor die val van die grond in 1879 uit te spreek. Gevolglik kan nie bepaal word of destyds nie noodwaarts uit die derde sloot

/op ...

op J besproei kon word nie.

2) In die veronderstelling dat die topografie nie oor 'n tydperk van meer as 'n eeu verander het nie, blyk dit in elk geval nie dat in 1879 water uit die derde sloot slegs suid daarvan op J aangewend kon word nie. Soos reeds gemeld, toon die kaart dat die sloot oor J in 'n noordwestelike rigting kronkel. Derhalwe is die punt waar die sloot J se westelike grens sny, heelwat noord van die ligging van die sloot op J se oostelike grens. Dit is dus moontlik dat die eienaar van dié perseel met 'n privaatsloot wat uit die derde sloot geloop het grond noord van laasgenoemde sloot kon besproei het. Dat so 'n privaatsloot nie op die kaart aangetoon word nie, is niksseggend. Volgens die kaart eindig die tweede sloot op J terwyl beurte daaruit aan K, L, M en N toegeken is. Daar is dan ook getuienis dat 'n taksloot van die tweede sloot, wat nie op die kaart aangetoon word nie, tot op N geloop het. Bowendien is in Melvill se toekenning

/melding ...

melding gemaak van "all existing watercourses not specially mentioned in this award". En indien daar wel so 'n privaatsloot op J was, sou dit natuurlik in onbruik verval het nadat die derde sloot se loop oor o a J verander is.

3) Daar is geen getuienis aangaande die grootte van die grond wat in 1879 op enige van die persele uit die derde sloot besproei is nie. Spesifiek wat L betref, is daar nie getuienis nie dat, soos die verhoorhof dit het, die respondente se pa en vier ooms "kort na 1879" die suidelike deel van L bewerk het en dat die bewerkte landerye dus aansienlik meer as 11 morg moes gewees het. Die respondente getuig weliswaar oor die besproeiing van die suidelike deel maar haar vroegste herinnering dateer terug tot 1920 toe sy sewe jaar oud was. Dit is ook nie moontlik om uit die groottes van die besproeide grond op K, M, N en O afleidings te maak oor sodanige groottes in 1879 nie. Bowendien weet 'n

/mens ...

mens nie welke faktore Melvill by die toekenning van waterbeurte in ag geneem het nie, en veral nie of hy op besproeide dan wel besproeibare grond ag geslaan het nie. Bes moontlik het hy ook in aanmerking geneem tot welke mate elk van die eienaars deur die jare bygedra het tot die aanlê en instandhouding van die slote.

4) Die verhoorhof het onvergelykbares met mekaar vergelyk. Die appellant se skattings het in die geval van J betrekking gehad op die besproeide grond suid van die derde sloot en in die geval van K, L, M, N, en O op sodanige grond tussen die sementpad en die Olifantsrivier. Die derde sloot het egter op laasgenoemde vyf persele suid van die pad geloop. Veral op K en L kon daar ten tyde van die verhoor heelwat besproeide grond tussen die ou loop van die derde sloot en die pad gewees het en dit blyk nie of daardie gedeeltes uit die derde sloot - gestel dat dit nog bestaan het - besproei kan word nie.

5) Geen poging is aangewend om die omvang van die besproeide gedeeltes suid van die pad (of die ou loop van die derde sloot) op persele P tot Z te bepaal nie. Inderdaad is die "patroon" met verwysing na slegs K, M, N en O bepaal. Op sy sagste gestel, is dit twyfelagtig of enige patroon ten opsigte van die toekenning van beurte met verwysing na slegs 4 van 17 persele vasgestel kan word. Trouens, ten einde 'n betroubare patroon te vind, sou 'n mens waarskynlik op die toekennings aan al 26 persele moes let. En wat J, K en L betref, kan nie uit die oog verloor word nie dat aan elk ook 'n beurt uit die tweede sloot toegesê is.

In die lig van bostaande meen ek nie dat die huidige topografie van J of die aantal morge wat tans op bepaalde gedeeltes van J, K, L, M, N en O besproei word enigsins behulpsaam is by die uitleg van Melvill se toekenning nie.

Die verhoorhof het ook op 'n verdere oorweging

/gesteun ...

gesteun vir sy bevinding dat twee beurte uit die derde sloot aan L toegeken is. Die respondente getuig dat in die twintigerjare haar vader en ooms die gedeelte van L naaste aan die Olifantsrivier (hierna die suidelike deel genoem) besproei het met 'n ander beurt as dié wat op die gedeelte naby die pad (hierna die noordelike deel genoem) aangewend is, en dat K die beurt tussenin gehad het. Sy sê ook dat dit nie moontlik was om die suidelike deel te besproei uit die sloot waaruit water op die noordelike deel gebruik is nie. Haar getuienis is volgens die verhoorhof gestaaf deur 'n taksloot wat op die kaart aangetoon is. Hierdie sloot was basies 'n verlenging van die derde sloot vanaf die punt waar laasgenoemde sloot noordweswaarts begin kronkel het. Die taksloot het dus naastenby parallel met die Olifantsrivier geloop. Volgens die respondente is daar nie destyds op die suidelike deel van K besproei nie. In die lig hiervan het die verhoorhof gesê:

/"Die ...

> "Die taksloot ... moes dus gewees het vir besproeiing op Lot L en dit staaf haar [die respondente se] getuienis dat daar apart besproei is op die agterste [suidelike] en voorste [noordelike] deel van Lot L en dat dit nie moontlik was om water uit sloot No. 3 van die voorste deel na die agterste deel te neem nie, en dat die taksloot hiervoor nodig was."

Nadat die hof verwys het na 'n notariële akte van 1908 waaruit afgelei is dat die eienaar(s) van L dit nodig gevind het om die suidelike deel daarvan uit 'n taksloot (die sogenaamde prosessloot) van die Welbedagtsloot te besproei, is soos volg besluit:

> "Die gebruik van die taksloot het meegebring dat die eienaars van Lot L op twee plekke hulle water uit sloot no. 3 moes neem, nl. op L (vir die voorste gronde) en op J vir die taksloot. Dit is dus heel verstaanbaar dat daar twee beurte aan Lot L toegeken sou word met die beurt van Lot K tussenin."

Ek kom later terug op die vraag welke gewig aan die respondente se getuienis oor die aanwending van beurte in die twintigerjare geheg kan word. Wat die verhoorhof

/egter ...

egter uit die oog verloor het, is dat toe die respondente haar verstand gekry het (en ook toe die genoemde notariële akte verly is), die derde sloot reeds verlê was en dat die Welbedagtsloot se ligging op L heelwat van dié van die ou loop van die derde sloot verskil het. Die bossloot waarmee, volgens die respondente, die suidelike deel van L besproei is, was klaarblyklik ook nie die taksloot (die verlenging van die derde sloot) waarna die verhoorhof verwys nie. En wat die notariële akte betref, is die prosessloot nie volgens die respondente aangewend om die suidelike deel van L te besproei nie.

Wat egter wel uit die kaart afgelei kan word, is dat dit waarskynlik fisies moontlik was om die ou taksloot aan te wend om met water uit die derde sloot die suidelike dele van J, K en L te besproei. Die taksloot het egter naby die Olifantsrivier geloop en dit is uiteraard nie moontlik om te bepaal tot welke mate bogenoemde dele in 1879 daaruit besproei is of kon word nie. Gestel

/dat ...

dat daar destyds noemenswaardige besproeiing uit die taksloot plaasgevind het, verklaar dit egter nie waarom, soos die verhoorhof dit het, aan L 'n beurt voor K toegeken sou gewees het nie. Al word aanvaar dat die suidelike deel van K nie in die twintigerjare besproei is nie, is dit nie 'n betroubare aanduiding van wat die posisie in 1879 was nie. Dit is nodig om in gedagte te hou dat na die verlegging van die derde sloot die Welbedagtsloot 'n heel ander ligging op o a K gehad het as die ou loop van eersgenoemde sloot. Die verlegging kan dus die eienaar van K beweeg het om ander dele as voorheen te besproei.

Maar selfs indien die taksloot in 1879 nie op J of K nie maar wel op L aangewend is, is dit vir my nog steeds nie 'n aanduiding nie dat Melvill uit die derde sloot geen beurt aan J nie, maar wel een aan L gevolg deur 'n beurt van K en 'n tweede beurt van L, toegeken het. Indien hy beoog het om altesaam 42 uur aan L toe te wys, is dit aanvaarbaarder dat hy een beurt van soveel uur

/(na ...

(na K se beurt) instede van twee beurte van 24 en 18 uur (met 'n beurt van K tussenin) aan L sou gegee het. Uit die oogpunt van die eienaar van L sou 'n aaneenlopende beurt verkieslik gewees het want hy sou dan kon besluit tot welke mate hy die beurt direk uit die derde sloot of uit die taksloot wou aanwend sonder enige onderbreking om vir 'n beurt van K voorsiening te maak. En die bestaan van die taksloot en die aanwending daarvan op L kon in sigself nie 'n voldoende rede gewees het om aan daardie perseel 'n beurt voor K te gee nie.

Wat die notariële akte van 1908 betref, hoef slegs gemeld te word dat dit geen steun bied vir die respondente se standpunt dat J nie 'n beurt uit die derde sloot gehad het nie. Trouens, dit dui daarop dat J in 1908 wel 'n beurt uit die Welbedagtsloot benut het.

Ten slotte is daar die getuienis van die respondente dat vanaf 1920 tot 1927 L twee beurte met 'n totaal van 42 uur (en J geen beurt nie) uit die Welbedagt-

/sloot ...

sloot en vertakkings daarvan gebruik het, en die appellant se getuienis dat sedert laastens 1954 J en L onderskeidelik beurte van 24 en 18 uur uit die genoemde sloot gehad het. In die veronderstelling dat dié getuienis prinsipieel toelaatbaar was, meen ek dat die verhoorhof dit tereg nie in ag geneem het nie as 'n aanduiding van hoe die eienaars in 1879 of kort daarna Melvill se toekenning vertolk het, of van fisiese omstandighede wat destyds bestaan het. Water wat oorspronklik op een perseel gebruik is, kon later met toestemming op 'n ander perseel aangewend gewees het. En soos uitgewys deur die verhoorhof, kon 'n perseel vir 'n geruime tyd onbewerk en onbewoon gewees het en kon 'n ander eienaar daardie perseel se beurt vir sy grond toegeëien het. Die aanwending van beurte vanaf 1920 is dus nie 'n betroubare aanduiding van hoe die water in en kort na 1879 benut is nie.

Wat die respondente se getuienis betref, is

daar 'n addisionele rede waarom dit nie as hulpmiddel by die vertolking van Melvill se toekenning aangewend kan word nie. Sy getuig naamlik dat vanaf haar vroegste herinnering in 1920 totdat sy Welbedagt in 1930 verlaat het, die beurte uit die Welbedagtsloot vanaf Z ooswaarts op mekaar gevolg het. Daar is egter geen twyfel nie dat volgens die toekenning die beurte vanaf oos na wes toegedeel is. Indien die respondente dit reg het, moes die eienaars van persele wat op water uit die derde sloot geregtig was op een of ander stadium voor 1920 om 'n duistere rede afgewyk het van die volgorde waarin Melvill beurte toegeken het. Daar bestaan dan des te meer rede om nie uit die respondente se weergawe aangaande die twee beurte van L 'n afleiding te maak oor wat die posisie veertig jaar vroeër was nie. En indien die respondente se geheue betreffende die volgorde van die beurte gebrekkig is, moet daar uiteraard sterk twyfel wees oor die betroubaarheid van haar herinnering aangaande die aantal

/ure ...

ure per siklus waartydens tussen 1920 en 1930 op L besproei is.

Omdat dit onbekend is hoe die water uit die derde sloot inderdaad net na Melvill se toekenning aangewend is, en daar nie betroubare aanduidings is nie aangaande omstandighede wat in 1879 gegeld het en wat relevant mag gewees het, is 'n mens uiteindelik slegs op die toekenning (met die kaart) aangewese. Op grond van die oorwegings wat reeds genoem is, is die toekenning in sigself duidelik en is aan J en L onderskeidelik beurte van 24 en 18 uur uit die derde sloot toegeken. In die veronderstelling dat dit die juiste vertolking is, was dit gemene saak dat die verhoorhof onderstaande bevele moes verleen het.

Die appèl slaag met koste, insluitende die koste van twee advokate, en die bevele verleen deur die verhoorhof word deur die volgende vervang:

(1) Dit word verklaar -

/(a) ...

(a) dat die siklus van waterbeurte uit die sloot bekend as die Welbedagtsloot op die plaas Welbedagt in die Afdeling Oudtshoorn $31^1/_2$ dae (van 24 uur elk) beloop volgens die Toekenning van 1879 soos gewysig deur die Notariële Ooreenkoms van 1888;

(b) dat die eienaar(s) van gedeelte 23 (voorheen perseel L) van Welbedagt geregtig is op een beurt van 18 uur in elke sodanige siklus.

(2) Die eienaar(s) van gedeelte 23 word verbied om op grond van die Toekenning van 1879 water uit die Welbedagtsloot te keer anders as in uitoefening van bogenoemde beurt.

(3) Die eerste respondent word gelas om die koste van die aansoek te betaal, insluitende die koste van twee advokate en die kwalifiserende

/fooie ...

fooie van die getuies Torrington en Maree.

H.J.O. VAN HEERDEN, AR

KOTZé, AR

TRENGOVE, AR

BOTHA, AR

BOSHOFF, AR

STEM SAAM